

1. **LEES** Hebreërs 12 : 1 – 3.
2. **DEEL IN GROEP:** Watter laste en sondes/verstrikkinge (waarna vers 1 verwys) is daar wat ons sien mense/Christene/ons mede-gemeentelede/ons nog moet agterlos?
3. **LEES** Kolossense 3: 5 – 10 om die lys aan te vul. **GEE TYD** vir elkeen om op hul eie self weer daardeur te lees en te besin oor wat die dinge is wat hulle aan moet werk om te los.
4. Wat is dit wat ons “het” (die lesers van Hebreërs 12 vers 1 “het” ‘n die vb van ‘n klomp geloofsgetuies) om aan vas te hou, om te koester en te onthou vir tye wanneer ons vorentoe voor moeilike tye en situasies te staande kom? **DEEL MET MEKAAR** wat dit is wat jy in 2012 geleer het van God en wat jy graag wil onthou en saamvat in 2013.
5. In Hebreërs 12: 1 staan dat ons die pad vorentoe/die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding moet hardloop. **DEEL IN GROEP:** Wat dink jy behels “volharding”? Sien jy al regtig kans vir die uitdagings van 2013? Hoe kan ons dit regkry om in die nuwe jaar te “volhard”?
6. Op watter belangrike, mooi, goeie sake kan ons as Christene in 2013 fokus? **DEEL MET MEKAAR.**
7. Vul die lys aan deur Kolossense 3: 10 – 17 te lees. Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte waarop jy graag in 2013 wil fokus/aan werk?
8. Kan ons die slegte dinge van 2012 werklik agterlaat, en kan ons dit regkry om dit by punt 6 en 7 genoem, werklik reg te kry? JA, as ons vashou aan dit wat Hebr 12: 2 – 3(a) asook Kolossense 3: 1 - 4 vir ons leer. **LEES EN PRAAT DAAROO.**
9. **LEES** die beloftes van Kolossense 3:4 en Hebreërs 12:3(b) en praat daaroor.
10. **BID** vir mekaar en vra die Here om julle te help om sekere dinge agter te los, te fokus op dit wat saakmaak, en om die oog op Jesus gevestig te hou.